Johan Claassen Broers
(EDMS.) BPK.
Telefoon 3612
POTCHEFSTROOM
MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS

die WAPAD

Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

JAARGANG XXIII | VRYDAG 10 MEI 1968 | No. 10

A. VORSTER APTEEK
Octron-gebou,
Lombardstraat.
VIR VINNIGE AFLEWERING
SKAKEL 7074.

INTERVARSITY IS HIER!



Intervarsity is weer eens op die lippe van een en almal in die studentegeledere van die P.U. en U.O.V.S. Soos elke jaar as dit sulke tyd raak, woel almal met net een gedagte in hul koppe — „Intervarsity is hier". Nog elke jaar is daar voorspellings gemaak oor wie die wenspan gaan wees. Niemand waag dit egter om sommer om sonder meer 'n voorspelling te maak nie.

Dit sou dan ook inderdaad moeilik wees om te sê wie die beste kans staan om te wen. Die Kovsies reken hulle het veel geleer met hul toer die afgelope somervakansie. Maar dan is daar die mooi prestasies van die Pukke die pas afgelope vakansie in Natal.

KOVSIES

Vanjaar word die stryd in die Kovsies se tuiste aangeknoop. Dit gee aan hulle 'n klein morele voorsprong wat hulle sekerlik ook na die beste van hul vermoë sal uitbuit. Maar teen Western Reefs het die manne van die P.U. weereens bewys dat as hulle saamstaan hulle nie maklik geklop kan word nie. Dan het die pas afgelope Karnaval ook verseker dat die Pukke in gees nie maklik gebreek sal word nie en die manne op die veld kan die beste ondersteuning van die pawiljoen verwag.

Die Kovsies spog weer eens met groot name soos Steve Strydom, Danie Coetzee, Stoffel Botha, Koekoes Reinecke, Joggie Jansen, Gerrit Coetzer, ens. Dat hierdie manne goed is sal niemand betwis nie. Of hulle egter sal kan kers vashou by die manne van die P.U. is 'n ander vraag. Onder die leiding van oom Piet Malan kan daar weereens talle slim streke van die Pukke verwag word.

KNIE BUIG

Verlede jaar moes die Pukke die knie buig nadat hulle die vorige jaar as oorwinnaars uit die stryd getree het. Daar kan 'n taai stryd verwag word en die fiksste span gaan beslis 'n groot voordeel hê. Samespel is ook 'n verdere deel van die is nie, terwyl elke man ook na gees goed vir die wedstryd voorbereid sal moet wees. Enige verslapping na moontlike terugslag kan fataal wees.

Intervarsity beteken egter nie dat daar net rugby gespeel gaan word nie. So sal daar vanjaar vir die eerste keer ook op die gebied van gimnastiek met die Kovsies meegeding word. Die ander sportsoorte sal weer eens hul deel tot die groot geleentheid bydra.

PUNTEBASIS

Daar sal weer eens soos verlede jaar op 'n puntebasis gewerk word. Elke span sal dan ook die geleentheid kry om op sy eie besondere gebied 'n positiewe bydrae tot die geheel van sy Universiteit se punte te lewer.

Met die ondersteuning van 'n ieder en 'n elk beloof dit dan ook om vanjaar die grootste Intervarsity van baie jare te wees.

P.W.C.

Reëlings vir Bloemfontein

Die trein met Pukke wat Intervarsity toe gaan, kom Saterdagoggend om twintig oor sewe op Bloemfontein aan. Soos in die verlede is reëlings getref dat busse daar sal wag vir die vervoer na U.O.V.S. se kampus.

Op die kampus sal slegs die deelnemrs ontbyt in die koshuise nuttig. Dieselfde geld ook vir middagete. Na die hoofwedstryd, wat op die Vrystaatstadion plaasvind, sal aandete by Pelliespark genuttig word. 'n Interessante program is vir die res van die aand gereël. Die trein vertrek weer vanaf Bloemfontein-stasie om vyf oor elf Saterdagaand.

BOEKIE

'n Boekie met die volledige program asook die verskillende spanne, sal weer soos verlede jaar beskikbaar wees.

Pukke moet daarop let dat hulle of kleurbaadjies moet aanhê of hulle studente-identifikasiekaart moet toon as hulle teen studentepryse na die wedstryde op die Vrystaatstadion wil gaan kyk.

Pukke ontspan in Magaliesberge

'n Handjie vol Pukke het die naweek van 19 April by hul voorgeslagte in die Magaliesberge besoek. Ewe beskaafd en netjies gekleed het die Pukke met die trein tot op Krugersdorp gereis waar 'n oud-Puk, Chris van der Walt, hulle ontmoet het.

BERGKLIM

Die Pukke sê die bergklim was wonderlik en die padkos was net so lekker. Na die dag se uitstappie het hulle 'n heerlike braaivleis bygewoon. Sondag het hulle die Sterkfonteingrotte besoek en daarna hul terugtog na Potchefstroom aanvaar.

SKUD BLOEMFONTEIN SE FONDAMENTE: S.R.-VOORSITTER

'n Intervarsitie is 'n inter-universiteitskragmeting. Ons almal voel opgewonde bloot by die noem van die woord Intervaristy, maar het ons ons al self afgevra waarom dit so 'n groot dag is?

Die belangrikste van Intervarsitie is vir my eerstens dat ons in aanraking ko mmet studente van 'n ander kampus, maar dat ons terselfdertyd nog hegter bymekaar staan as Pukke in die handhawing van lojaliteit aan ons Alma Mater. Ons beweeg dus wyer uit, terwyl ons terselfdertyd nouer saamtrek (Skynbaar 'n rare teenstelling, maar tog waar).

KRAGMETING

In die tweede plek is Intervartie 'n kragmeting, en moenie die fout maak om te dink dat slegs die twee eerste rugbyspanne kompeteer nie; o nee, dit is twee ganse studentegemeenskappe wat teenoor mekaar staan. Elke student stry op 'n besondere manier vir sy Alma Mater en as ons Saterdagaand weer Bloemfontein verlaat sal hierdie stryd weer vir nuwe en hegter vriendskapsbande gesorg het.

Pukke, laat ons die stryd aanknoop op die sportvelde, op die pawiljoen en sommer orals waar ons beweeg en laat ons ons soos Pukke gedra, sodat daar werklik gesê kan word: Die Puk het met eer uit die stryd getree.

SKUD FONDAMENTE

Ons het met Karnaval die hele Potchefstroom rooi geverf, laat ons nou ook op die regte manier Bloemfontein in sy fondamente gaan skud.

WILLIE COETZEE
Studenteraadsvoorsitter

S.A. student kry pluimpie van Amerikaner

Die Suid-Afrikaanse student is enige tyd net so goed as die in die voorste universiteite oorsee. Die verklaring is vandeesweek gedoen deur Dr. George Delpierre, professor in Bio-chemie aan die Yale Universiteit, in die Verenigde State.

CAMBRIDGE

Hy het hom nou in Suid-Afrika kom vestig. Na aanleiding van sy ondervindings by universiteite bv. Yale en Cambridge sê hy dat alhoewel hulle die bestes van die twee lande het, dink hy nie dat die studente enigsins beter is as die in Suid-Afrika nie.

Dr. Delpierre het ook gesê dat dit nie saak maak waar die student studeer nie maar dat die belangrikste sy vermoë om te leer is, en om homself te onderrig.

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
GESKENKE
POTTEBAKKERY
JUWELE
TOMSTRAAT
208 & C
FOON
5943, 3377

BOUQUET
BLOEMISTE,
STADSENTRUM.
Tel 6575.

GROSVENOR MOTORS
Lombardst. 47. Kerkst. 69.
Telefoon: 4351/2/3
POTCHEFSTROOM.
GEMAGTIGDE FORDHANDELAARS
ANGLIA — CORTINA
CORSAIR — ZEPHYR
ZODIAC — FAIRLAINE en
GALAXIE
Asook:
VESPA
en
LAMBRETTA
BROMPONIES.

JOUBERT MEUBELS
Kerkstraat 201, Tel. 3420,
POTCHEFSTROOM.
Vir
MODERNE MEUBELS
en alle
HUISHOUDELIKE TOERUSTING
Ons spesialiseer in die verskaffing van die
Jongste Plaat-opnames
Kom besigtig ons groot reeks.

Met komplimente van
AJAX
(Edms.) Bpk.
BOEKE —
SKRYFBEHOEFTES

Vir al u
APTEKERS- EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE
Besoek:
APTEKERS
J. P. VAN DER WALT
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 118,
Telefoon 3237,
POTCHEFSTROOM.

die WAPAD
VRYDAG 10 MEI 1968

Intervarsity

Saterdag is dit Bloemfontein toe vir honderde Pukke. Intervarsity toe. Die agt en twintigste Intervarsity tussen die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en die Potchefstroomse Universiteit vind daar plaas.

Dit weet almal. En almal weet dat dit die enigste Intervarsity in die land is (in die wêreld dan, vir die mense wat meer skouspelagtig dink) wat tussen twee Afrikaanstalige universiteite afgespeel word.

Soos reeds gesê, is dit algemene kennis. Maar miskien lê daar tog meer daarin as wat dit op die oog af lyk. Miskien lê dit daarin dat hierdie twee universiteite nog in 'n uitstekende posisie verkeer om aan die wêreld te bewys wat nie meer algemeen van studente, selfs in Suid-Afrika, geglo word nie, nl. dat hulle verantwoordelik kan optree.

Hiermee gaan ons nie sanik oor dit wat nie gedoen moet word nie en dat wat nie aangeraak mag word nie. Hiermee pleit ons slegs vir die besef by al die studente (Pukke en Kovsies) wat Saterdag die Intervarsity op die Kovsiekampus en op die Vrystaatstadion bywoon, dat twee universiteite as geheel se eer in alle opsigte op die spel is, en nie die eer van individue om die onverantwoordelikste dade te pleeg, of die eer van dirigente om die gewaagdste grappe te vertel nie.

Dit is sover ons dit oor Intervarsity het. Ons vra niemand om mal te gaan nie. As dit nie reeds die geval is nie, sal 'n oproep in hierdie kolomme nie meer help nie.

Ons weet wat Saterdagmiddag gaan gebeur.

Handboekeksamen

Hierdie jaar se studentehandboekeksamen het toe ook plaasgevind. Vir die persone wat gehoop het dat daar by hierdie instelling ook vernuwing sou intree soos by die res van die studentelewe in die afgelope jaar, was daar 'n verrassing. Was dit nie vir die byvoeging van afdelings oor die twee nuwe hoofliggame nie, kon vanjaar se vraestel net so wel die van enige vorige jaar gewees het.

Maar voor iemand in hierdie stelling onverbiddelike vyandigheid en bevooroordeeldheid teen oor die handboekeksamen gaan sien laat ons een punt duidelik stel: teen die afneem van so 'n eksamen kan niks ingebring word nie. Inteendeel dit is 'n gelukkige toestand dat die slaag daarvan nog as vereiste vir P.U.-kleure geld en dat hierdie vereistes nog nie so verwater is dat elke Jan Rap en sy maat kleure kan verkry nie. Mag ons die dag gespaar bly dat so iets in hierdie studentelewe sal plaasvind.

Om terug te keer tot die handboekeksamen: die feit dat daar vir so iets plek is en dat dit 'n waardevolle instelling is, wil nie sê dat daar nie met 'n kritiese oog gevk kan word na die inhoud van so 'n eksamen nie. Dit moet juis ons doel wees om ook deur die inhoud daarvan te verseker dat dit waardevol bly.

Kyk mens na verlede Saterdag se vraestel, vra jy jouself af of dit in sy doel slaag.

Waar die slaag van die eksamen 'n voorvereiste is vir P.U.-kleure, kan verwag word dat hierdeur die student se kennis van sy Alma Mater in die geheel, en in besonder daardie kennis wat vir hom as student van die P.U. waardevol kan wees, getoets sal word.

Dit is nie wat in die jongste vraestel gebeur het nie. Daar was genoeg vrae oor die geskiedenis van die P.U. (55 punte uit 'n totaal van 200), en genoeg oor die geskiedenis van daardie studenteliggame wat oud genoeg is om 'n geskiedenis te hê. Dis goed. Ons onderskat nie die geskiedenis nie. Maar waar was daardie vrae wat die student se kennis van sy Alma Mater op die huidige stadium moes toets? Weliswaar was die vrae oor die meeste hoofliggame redelik aktueel, maar dit is sover dit gegaan het.

Vir alle praktiese doeleindes is dit nie onmoontlik dat die jongeling wat Saterdag se eksamen geslaag het, volgende jaar sy Puk-baadjie voor die wêreld sal dra sonder om te weet wie die kanselier is (of wat 'n kanselier is), sonder om te weet dat hierdie universiteit uit ses fakulteite bestaan, en sonder om die geskiedenis en betekenis van die wapen op sy sak te ken. Behalwe hierdie is daar nog heelwat ander sakies wat 'n persoon wat P.U.-kleure het, tog miskien behoort te weet.

Ons besef die vraestel is aan die hand van die huidige studentehandboek opgestel. Maar dan is dit hoog tyd dat hierdie handboek hersaamgestel word om 'n breër veld te dek. So nie, moet by die opstel van hierdie vraestel in die vervolg 'n bietjie aandag geskenk word aan publikasies van die Departement van Ontwikkeling wat aan eerstejaars uitgedeel is.

Per slot van sake is dit nie baie belangrik hoeveel iemand wat wil kwalifiseer vir P.U.-kleure, weet van die A.S.B. se geskiedenis voor 1916 of van die Studenteraad van 1923 nie.

In U Lig

En 'n toom wat verkeerd stuur, is in die kakebene van die volke. (Jes. 30:28).

Dit is 'n woord van die Here. En ,,kyk, die Naam van die Here kom van ver af, sy toorn brand, swaar wolke kom op; sy lippe is vol grimmigheid en sy tong soos 'n verterende vuur.''

Dit is die skrif oor ons tyd — die muur wat wankel; die fluit wat gebars het; die kruik wat stukkend val. Want ,,'n toom wat verkeerd stuur is in die kakebene va ndie volke.''

Die volke trek in 'n verkeerde rigting. Hulle hou raad, hulle beheer die wêreld, hulle bepaal die lot van mense, hulle skryf die einde van die Woord. Die rusdag van die Here bestaan nie meer nie; die huwelik is vir die mens se gerief om te maak en te breek. Liefde wat 'n erkenning is van die waarde van die andersheid van die medemens, word miskien — want waar die andersheid verdwyn, verskraal die moontlikhede van liefde. Die natuurlike man-vrou polariteit wat 'n skerp kreatiewe spanning geskep het, word vervang deur 'n bloot geslagtelike teëstelling. Daarom verkrummel die fondamente van die huisgesin. En die volk word 'n daklose murasie van gebreekte mure.

In hierdie stroom van die volkere wat verkeerd stuur word die enkeling saamgesleur en in sy stryd om by te hou en homself te regverdig het hy alle ander waardes kwytgeraak. Uiteindelik is dit dan net die selfheid waarom dit gaan. Liefdeloos, eensaam, sonder die vermoë tot gesprek of meelewing. En hierdie selfhandhawing-ten-alle-koste lei tot 'n alles oorheersende vrees vir die onontkombare dood. En omdat die dood vir die ,,moderne'' mens algehele en finale vernietiging beteken, lei hierdie vrees tot 'n beheptheid met die seksuele as 'n kristallisasie van die lewe.

,,Kyk, die Naam van die Here kom van ver af, sy toorn brand, swaar wolke kom op; sy lippe is vol grimmigheid en sy tong soos 'n verterende vuur.'' (Jes. 30:27).

- Deur My Lens -

Van karnaval na intervarsity — en die akademie is 'n vulletjie. Ons gaan spasties mal. Ons buit hierdie tye uit. Tereg ook. Mens is net eenmaal student. Net eenmaal jonk en onstuimig. Laat ons dan roekeloos verantwoordelik wees. Voordat die vaal eenslewige jare kom. En alles grys inmekaar loop. Voordat die polsing uit ons bloed verdwyn. Want die koue jare lê voor. Le en wag vir ons almal. Lê voor.

Intussen het ons die genade van die jonkheid. En die genade van die vreugde.

SINGS-SONGS

Woon julle die kolkende, skuimende en jillende sing-songs by? Soveel gees as wat daar vanjaar op die Puk is, het ek nog nie gesien nie. Dit neem jou mee, sleep jou saam toe die ek integreer in die alles oorweldigende geluid. 'n Sing-song is 'n katarsis, 'n happening, 'n fa sielkundige metode om frustrasie op te los. Veral in 'n beperkte ruimte. Soos die paar kere toe dit in die ou hoofgebousaal plaasgevind het.

Dit is interessant om al die gelukkige gesigte dop te hou, die oop monde, die laggende oë. Ons is mos ongeeergde mense, elkeen leef in sy kasuele stilte. heid met al die welwillendheid jeens mekaar waartoe ons as ie mod ne agter gti snens in staat is. Ja, ons lag met flappende monde vir mekaar.

Maar dit is mooi. Laat ons En raak nie maklik entoesiasties oor dinge nie — die register van emosies is klein, in elk geval dit wat deur ons gesigte verraai word. Dit is gewoonlik 'n masker van neutraliteit, met miskien 'n klein bietjie verveling. Nietemin hier leef die moderne student, Dit kolk, draai en skuim, ons waai soos nat vadoeke teen mekaar. Vol toegeneentfeesvier. Laat ons juig. Laat ons lag.

UITSLAG

Die uitslag van die intervarsity (ek bedoel nou die rugbybotsing van die twee eerstespanne — dit sal altyd die belangrikste bly!), alhoewel van uiterste belang vir ons Pukke, moet nie die hoofklem kry nie, maar wel die geniet daarvan, die belewenis daarvan: Ek wil geen voorspellings waag nie, in stilte hou ek styf duim vas.

SAND

Aan die Kovsies: Welkom by die leserskring van 'n gesofistikeerde rubriek soos hierdie. Ek weet julle is nie so iets gewoond nie. Miskien is dit omdat julle so geteister word deur sand. Bietjie ongemaklik seker. Beperk 'n man se uitsig. Nogtans hoop ek dat ons nog verder stof (of sand) in julle oë sal skop Alles baie liefdevol natuurlik. O ja: kom ons los die vuil grappe en toiletmentaliteit op die pawiljoen. Laat ons botsing geskied in welwillendheid, laat dit 'n unieke gebeurtenis wees S.A. Kom ons wys aan die wêreld so tree twee universiteite op wat in hart en niere eg-Afrikaans is.


Verder hoop ek dat die intervarsity van 1968 die goeie betrekkinge tussen ons twee universiteite sal bevestig en verstewig. Laat die beste span wen!

Sterkte ook aan al die ander deelnemers in die verskillende sportsoorte! Elke bydrae in eie reg is belangrik (netnou verloor ek nog 'n paar bewonderaars). Dit word deesdae mode om my verkeerd te lees. Ai, en ek is so 'n onskuldige outjie!

Laat die wagwoord Saterdag weer eens wees: Gaan mal!

REFLECTO

Saterdag?



BAIE INSKYWINGS VIR TYDREN

Motoreienaars op die Puk het tydens die Karnaval vir 'n verrassende aantal inskrywings vir die Sosiale motortydren gesorg. Altesaam vier en veertig motors het aan die tydren deelgeneem.

Die deelnemers het vanaf nege uur die oggend met tussenposes van twee minute van die kampus af weggespring. Verwagte snelhede het gewissel tussen 20 m.p.u. en 50 m.p.u. na gelange van die padtoestande.

BEHEERPUNTE

Op die roete het dertien beheerpunte gefunksioneer wat die deelnemers se tyd van aankoms geneem het. Op twee plekke op die roete is 'n blaaskans van agt minute aan die deelnemers gegee.

Die deelnemers se motors was op 'n professionele wyse toegerus met alle nodige identifikasiemiddele daarop aangebring. Dit was verbasend om te sien van watter onderdele, smeer middels en brandstof die deelnemers in hulle motors gebruik maak.

WENNERS

Die tydren is gewen deur Fanie Coetzee en Hans Strydom in 'n Volkswagen 1200, met 'n totale foutindeks van 749. Fritz Schultz, Anita Wentzel, Sarie Green en Geertje Groothof was tweede in 'n Fiat 850 met 'n foutindeks van 795. 'n Foutindeks van 825 het aan die Johan Sander-Harry Meadon-Cortina die derde plek besorg.

Van die vier en veertig motors wat deelgeneem het, was elf Volkswagens.

ELKEEN MOET HOMSELF OORTREF: DIREKTEUR

Intervaristy is 'n hoogtepunt in die studentelewe. Vanjaar se intervarsity behoort die voriges in aansien te oortref omdat ons studentetal die 3000-kerf oortref het en gevolglik is die aantal deelnemers vanjaar baie meer as in enige vorige jaar.

Mag ons die hoop uitspreek dat die grootheid van ons byeenkoms nie bepaal sal word volgens kwantiteit nie, maar volgens die gehalte mededinging wat gelewer word.

Om aan hierdie hoë eise wat aan elke sportman (vrou) gestel word te voldoen was elkeen die afgelope paar maande hard besig met intensiewe voorbereidings.

SLAGGEREED

Die speler(ster) wat die fikste

ALLERBESTE

is — slaggereed wat stamina, vaardigheid, krag en spoed betref, sal die beste toegerus wees. Hierdie vermoëns sal Saterdag in Bloemfontein duidelik op die proef gestel word. Voeg hierby nog die taktiek waarvan elke deelnemer gaan gebruik maak om sy opponent uit te oorlê, dan behoort vanjaar se intervarsity uitstande te wees.

'n Gesonde gees in al die spanne en 'n ware sportmanskap teenoor ons opponente sal die kroon op vanjaar se intervarsity plaas.

Vanjaar moet ons wen en daarom word van elke speler verwag om sy allerbeste te lewer. Met die inspirasie van die PUK-toeskouers en -ondersteuners op die pawiljoen om die beste uit 'n man te haal, kan ons nie verloor nie! Elkeen moet homself oortref!

P. MALAN
Sportdirekteur.

Tennisspelers entoesiasties

Met groot entoesiasme en verwagting gaan ons die intervarsity te gemoet. Ons beskik oor 'n redelik gebalanseerde span. Die kern van ons span bestaan uit manne wat verlede jaar die Kovsies geklop het Ons sal probeer om op die prestasie van verlede jaar voort te bou en indien moontlik daarop te verbeter.

Ons sien baie daarna uit om die Kovsies weer op eie werf aan aan te durf. Die span wat wil wen, sal werklik moet uithaal en die Pukke is bereid om die sluise oop te maak. Ons rig die waarskuwing aan die Kovsies dat oorwinning soet smaak en dat ons die smaak graag weer wil proe. Mag die beste span wen en mag die vriendskapsbande tussen ons verstewig word.

Ek spreek die hoop uit dat die Intervarsity weer in dieselfde goeie sportmansgees as in die verlede afgehandel sal word. Ons sal ons bes doen om die Intervarsity 'n sukses te maak.

BOB WENTLER
Kaptein Tenniklub.

SKAAKKLUB BELOOF GROOT DINGE


Vrydagaand ontmoet ons die Kovsies by die skaakbord. Die Kovsies het 'n sterk klub en daarom is dit vir die Pukke altyd aangenaam om teen die Kovsies te speel.

Ons eie span was nog altyd 'n gedugte teenstander en daar is baie konings op ons kerfstok.

Verlede jaar het die stryd gelykop geëindig en baie van u onthou nog die spannende verloop van die wedstryd. Vanjaar sal u strategie en taktiek sien wat die opmars van Hanibal na Rome, na 'n piekniek sal laat lyk.

A .S. PRETORIUS
Kaptein: Skaakklub.

Boodskappe:



Kovsies sal nie pyp rook

Dit is weer eens intervarsity en tyd vir ons jaarlikse kragmeting teen die Kovsies. Aan ons kant kan ons net sê dat die sokkerspan vanjaar alles in die stryd gaan werp om verlede jaar se neerlaag te wreek.

Ons hoop net dat ons hierdie jaar teen Kovsies se eie span sal speel en indien wel, sal daar 'n baie mooi wedstryd vir die toeskouers wees om na te kyk terwyl die Pukke hulle slag sal wys.

Dit is moeilik om uitblinkers in die sokkerspan uit te sonder aangesien daar hierdie jaar 'n goeie span o pdie veld sal draf, maar met nuwe manne soos Garth Wearing in die voorlyn en Pat Pathy om agter te help met hulle ondervinding, is dit moeilik om te glo dat die Kovsies die pyp kan rook.

Wat die tweede span betref was dit nog altyd 'n span waarop ons trots kon wees en wat dan ook hierdie jaar sal sorg dat hulle nie die toeskouers en Pukke teleur sal stel nie.

WILLIE BREWIS
Kaptein: Sokkerklub

WEES VROLIK EN GAAN MAL, SE DIRIGENT

'n Tyd om vrolik te wees en mal te gaan. Intervarsity is die gebeurtenis van die jaar!

Pukke, vanjaar moet almal meelewe in die lekker ou intervarsitygees. Tot dusver verloop dinge baie beter en vuriger as enige vorige Intervarsity en dis vir my 'n goeie voorteken van 'n ontsettende, vreeslike, baie jolige en... SUKSESVOLLE Intervarsity. Ons gaan mors met die Kovsies — op die veld en veral op die pawiljoen.

LAMMETJIE

Die Kovsies sê dat ons nie hoop het om hulle Lammetjie te skaak nie; ons weet, die miskruiers sal hom voor ons wegraap... of nie????

PIET BOTHA,

Skermklub wys hul slag

Die mans van die P.U.-skermklub het Saterdag in hulle eerste wedstryd teen die Oribi-klub van Johannesburg, nie te swak gevaar nie.

Met die floret het die Oribiklub 6—3 gewen. In die afdeling het Eric Wilson (afrigter) net een van sy wedstryde verloor.

SABEL

Met die sabel het Oribi 7—2 geseevier. Die uitblinkers hier was Hennie de Villiers, wat ook net een van sy wedstryde verloor het, en die beginner Tjaart Botha wat getoon het dat daar nog baie van hom verwag kan word.

Die P.U.-skermklub skerm tydens die intervarsity teen die Vrystaatse Skermbond weens die afwesigheid van 'n skermklub by die Vrystaatse Universiteit.

WILSON

Die staatmaker van die P.U.-skermklub is hulle afrigter, Eric Wilson, wat in Engeland gekwalifiseer het, en nou aan die P.U. studeer.

LANDLOPERS SPRING GOED WEG

George Müldner, puik atleet van die Puk, het die eerste vriendskaplike landloopbotsing in Wes-Tvl. maklik gewen toe hy verlede Saterdag op die P.U. baan die afstand van 4.6 myl in 24 min. 50 sek. afgelê het.

Die junior atleet, Hennie Westerman, het die tweede plek ingeneem in 26 min. 3 sek.

Van die ander Puk-atlete het P Bredenkamp (5e), T. van Rooy (6e), C. Hattingh (9e), F. Klein (12e) en E. Dunn (15e) ook goed gevaar.

Annalie Gildenhuys, die enigste Pukverteenwoordiger onder die dames, het haar wedloop oor 2.3 myl maklik gewen in 16 min. 3 sek.

Ons sal graag 'n bietjie meer ondersteuning van die kant van die dames vir die interessante sportsoort wil sien. Kom probeer gerus!

L.F.v.W.

INSLEEP!



WAARHEEN ALMAL SLEEP



Koshuisbestellings: 6039

VIR MODERNE VERLOOFRINGE:

TRANSVALIA JUWELIERS

STADSENTRUM,

POTCHEFSTROOM.

Voorbereidings vir Hedda nader voltooiing

DIE voorbereidings vir die departement Spraakleer en Drama se eerste aanbieding nl. Henrik Ibsen se „Hedda Gabler" nader voltooing. Die studente onder leiding van Abri le Roux is tans besig om die dekor te verf. Dit is 'n werk wat veel aandag en talent verg want die ontwerper, Bill Nixon trag om al die swier tierlantyntjies van die negentiende eeu weer te gee. Met groot sorg is die periode meubels uitgekies en na wense gestoffeer.

Die kleure van die opvoering is beplan om mee te help om die totaalbeeld weer te gee. So kry ons dan die deftige, effens verveelde Hedda eers in 'n swierige goudkleurige oggendtabberd, later as sy meer van haar karakter openbaar is sy geklee in 'n giftige groen aandrok. Haar routabberd van donkerpers in die laaste bedryf is weerspieëlend van die gebeure aan die einde van die drama.

Die haarstyl van Taja Elvsted (Maxie Swart) speel 'n beslissende rol — daarom word dit spesiaal deur Salon Marie versorg. Haar reisrok van blou stof is ook ondersteunend vir haar sagte byna moederlike geaardheid.

Om die periode-effek by die mansklere te verkry, word veral klem gelê op haarstyl en krae.

NEGENTIENDE EEU

„Hedda Gabler" beloof om 'n pragtige weergawe van die laat negentiende eeuse swier te wees. Dit sal vir die wat nog jonk van gees, oud van jare is, hul jeug weer in herinnering roep.


Daar is iets vir elkeen in hierdie opvoering. Interessante, slim en subtiele woordewisseling, swierige kostuums, pragtige dekor, hewige emosie, humor en sterk uiterlike handeling.

ONGEWONE SPEL

Die ongewone spel van Hedda (Cecile Spamer), die subtiele ligte spot van regter Brack (Andries Swanepoel), die lompe onbeholpenheid van Org Tesman (Peet van Rensburg), die wanhopige radeloosheid van Taja Elvsted (Maxie Swart) en die poëtiese opgewondenheid van Eilert Lövborg (Leon Cloete) beloof om van hierdie opvoering die ondervinding van die jaar te maak. Voeg daarby nog die uitstekend vertolkte „ouvrounuuskierigheid" van Tant Julia (Lieschen Rautenbach) en die moederlike besorgdheid van Bertha, die bediende (Liesbet Schoeman) en ons het 'n dis wat die toneelfynproewer sal bevredig.

11 tot 15 MEI

„Hedda Gabler" word vanaf 11 tot 15 Mei 1968 in die Totiussaal van die P.U. vir C.H.O. aangebied en staan onder spelleiding van Bet Botha.



Cecile Spamer, wat die titelrol vertolk in die departement Spraakleer en Drama se aanbieding van Hedda Gabler, in 'n tipiese Hedda-houding.

KUNSGESELSIE

Realisme in die skilderkuns is die afbeelding van die werklikheid, die sigbare en tasbare dinge en verskynsels. Elke skildery waarin die werklikheid nagevolg word, kan realisties genoem word. Die realistiese kunstenaar vind sy onderwerpe in die volle lewe en die omringende lewe of volkstaferele, beroepe, geselskappe, landskappe, binnenshuise tonele, alledaagse gebruiksvoorwerpe ens.

SKILDERAGTIGHEID

Dit gaan egter nie uitsluitlik om die dinge en verskynsels nie maar om die skilderagtigheid, om die skilderkunstige waarde dws. die sfeer, die kleure en nuanses, die komposisie, die spel van lig en skaduwee.

'n Realistiese kunswerk is meer as 'n voorstelling van iets rieël gegewe. Die gegewe is meestal slegs 'n aanleiding, 'n motief waarin die skilderagtige elemente kon verbeeld word. Die realisme het homself in verskeie kunsperiodes geopenbaar maar hy vind sy bloeityd in Holland in die 17de eeu. Talryke kunstenaars het toe met doeltreffende/like meesterskap hul eie land en volk verbeeld, bv. Adrian van Ostade, Jan Steen, Frans Hals, Jan Hackaert en nog vele ander.

REALISME

In die middel van die 19de eeu word aan die realisme hernude aandag gegee, in besonder in Frankryk bv. Courbet. Hierdie stroming was grotendeels 'n reaksie op die toé heersende romantiek. Andersyds kan dit as 'n voorloper van die impressionisme beskou word.

Rayonisme word somtyds met realisme verwar. Dit is egter 'n rigting in die skilderkuns wat die futurisme voorafgaan en om by 1912 gepropageer word deur Michael Lariov en sy vrou Nathalia Gontsjarowa. In 1913 verskyn „Manifest van het rayonisme" waarin verkondig word dat die voorstelling die indruk moes wek dat die tyd en ruimte ineenvloei en die sogenaamde „vierde dimensie" moes weergee.

KARDINSKI

Die komposisies is gebaseer op 'n diagram van strale (rayons). Naas die werke van Kandinski is dit een van die vroegste uitings van amorfekuns of openbarings van die abstrakte kuns.

S.A. MOET TOETREE TOT AFRIKA: KRAUSE

Suid-Afrika moet besef dat as hy nie tot Afrika toetree en aan die ontwikkeling van hierdie kontinent deelneem nie, ander moondhede dit sal doen. So het mnr. Otto Krause, redakteur van 'n Engelse nuustydskrif, verlede Woensdagaand gesê toe hy 'n byeenkoms van die Sentrum vir Internasionale Politiek toegespreek het oor Suid-Afrika en die grootmoondhede.

Mnr. Krause het gesê dat Suid-Afrika nie ander keuse het as om tot Afrika toe te tree nie. In die lig van die huidige magsbedeling het hy nou die kans om dit te doen.

Daar moet egter besef word dat ons nie 'n Empaaier in Afrika kan bou nie, want juis Suid-Afrika se bewoners was die eerste kolonialiste in Afrika, het mnr. Krause gesê. Samewerking met Afrika kan die raamwerk van 'n ontwikkelingsgemeenskap aanneem. 'n Ander moontlikheid is die verkondiging van 'n Monroe-leer vir Suidelike Afrika.

RASSEPROBLEEM

Oor Suid-Afrika se verhouding tot die V.S.A. het mnr. Krause gesê dat die land as gevolg van sy interne rasseprobleem nog lank vyandig sal staan teenoor Suid-Afrika. Baie hang af van hoe die Negers hulle gedra.

'n Faktor wat die Verenigde State kan weerhou van inmenging in Suidelike Afrika, is die ondervinding wat hy in die laaste paar jaar in Viëtnam opgedoen het.

BRITTANJE

Mnr. Krause het gesê dat as Brittanje se rol oor die afgelope twintig jaar weggeneem word, Suid-Afrika nie die muishond van die wêreld sou gewees het nie. 'n Voorbeeld hiervan is die giftige houding wat die gewese Engelse kolonies in Afrika teenoor Suid-Afrika inneem in vergelyking met die meer gematigde houding van die gewese Franse gebiede. Brittanje se beleid was altyd om Suid-Afrika in te hok.

LINDEQUE
Skoenreparasies
— Octron-gebou —
Twee depots op Bult:
BULT DROOGSKOONMAKERS
WESTVAAL DROOGSKOONMAKERS
Spesiale pryse vir studente.
Aflewering op die Kampus.

KOM BESOEK:
MIAMI
RESTAURANT
Kerkstraat 213,
Johan Dreyer-gebou.

J. HEIDEMA
vir
FIETSE
en vakkundige
Herstelwerk
—
Opberging
van fietse gedurende vakansies.
Kerkstraat 48 — Tel. 5319

Manshokkiespan slyp tande

Vanjaar het die P.U. se twee manshokkiespanne weer eens hultande geslyp vir die Kovsies en sonder om oormoedig te wees, is ons van mening dat ons kanse vanjaar goed is om die Kovsies op hulle tuisveld 'n pak te gaan gee.

Ten spyte van die feit dat die hokkieseisoen maar pas begin het is ons gereed vir die groot slag. Ons is in die gelukkige posisie om soms die dienste van Springbok doelwagter Parky Cooks te bekom. Hy is 'n meester op die gebied van manshokkie.

Ons sien uit daarna om die Kovsies in die regte Intervarsitygesindheid te ontmoet en ek wil graag die Pukke verseker dat ons ons uiterste bes sal doen om nie teleur te stel nie.

H. V. LESSING
Kaptein Manshokkieklub.



Cecile Spamer en Leon Cloete. wat die rolle van Hedda en Eilert Lövborg onderskeidelik vertolk, in 'n teer oomblik van onderlinge begrip.

Hertzogprys vir Boerneef

Die gesogte Hertzogprys is verlede week deur die Akademie vir Wetenskap en Kuns aan wyle porf. I. W. van der Merwe (Boerneef), toegeken. Hy is verlede jaar in Julie oorlede.

Hy het die prys ontvang vir sy bundels: Krokus in 1958, Ghaap en Kambro in 1959, Mallemole in 1962, Palissandryne in 1964 en Op die Flottina in 1967.

Doktorsgraad in regte vir Oud-Puk

Op 'n onlangse gradeplegtigheid van die Universiteit van Suid-Afrika, het mnr. P. J. van R. Henning 'n doktorsgraad in die regte ontvang. Hy het sy B.A.-L.L.B. graad aan die P.U. vir C.H.O. behaal, en daarna was hy lektor hier terwyl hy ook deeltyds as advokaat werksaam was.

Tans is hy departementsvoorsitter van Publiekereg aan die Randse Universiteit. Mnr. Henning se proefskrif het gegaan oor die begrip: diskresie in die administratiefreg. Hy het oa. twee jaar in Londen, Heidelberg en Wes-Duitsland gestudeer.

OOIRIVIER MOTORS
(EDMS.) BPK.
Posbus 51, Potgieterstraat Telefoon 4338/9,
POTCHEFSTROOM.
Vir:-
★ MERCEDES-BENZ
★ TOYOPET
★ RENAULT DAUPHINE

So praat die kapteins...

Rugbyspelers is vasberade

Weereens is dit tyd vir die groot kragmeting van die jaar —vir sommiges die kragmeting van sy lewe. Die dag waarop daar geen genade gevra of gegee word nie en waarop elke Pukkie speel met 'n besieling wat net iemand kan verstaan wat dit self deurgemaak het, is hieh! Ja, dis die dag waarvan elke rugbyspelers op die Puk droom — INTERVARSITY.

Met verlede jaar se drag slae hier op Olënpark nog vars in die geheue, is elke Pukkie nog meer vasberade om die Kovsies soos twee jaar gelede op hulle



tuisveld te gaan opdreun.

Elke rugbyspeler belowe aan die Puk massa die allerbeste wat hy kan lewer op die veld in ruil vir lojale ondersteuning en aanmoediging op die pawiljoen.

Ek twyfel nie daaraan dat die rugby in die regte gees gespeel sal word nie en dat die dag soos al die voriges lank onthou sal word vir die mooi harde Suid-Afrikaanse Rugby.

K. KIRSTEIN
Kaptein: Rugbyklub

NETBAL WENS KOVSIES BESTE TOE

Beste U.O.V.S netbalspeelsters,

Dis die tweede jaar dat ons as klub 'n bestaan hier op die P.U. voer, maar al is ons ervaring klein is ons harte groot en vol moed vir die 11de Mei.

Ons wens jul 'n aangename



Intervarsity toe en sien uit na die stryd wat ons weet in 'n gawe netbalgees sal geskied.

Lekker speel... (en pasop!)

ROSALIE DE KLERK
Kapteine

Gimnaste ding eerste keer mee

As daar een Intervarsity is wat met geesdrif deur die P.U.-gimnastiekspan aangepak gaan word is dit die Intervarsity van 1968. Dit is die eerste keer dat ons op Intervarsityvlak gaan kragte meet met die gimnastiekspan van Kovsieland.

W.-TVL.-KLEURE

Meeste van die spanlede het reeds Wes-Transvaal gimnastiekkleure verwerf en kan dus hulle plek deeglik volstaan in die stryd.

Vir die Kovsies wil ek net sê: Hierdie jaar gaan daar wraak geneem word op alle terreine, maar veral op gimnastiekgebied gaan julle die grootste drag slae op die lyf loop wat julle nog ooit gekry het. Kan julle ons wen? ... Nooit!!!

VRYDAG


Aan al die Pukke wil ek net die versoek rig om Vrydagaand te kom aanskou hoe die Kovsies met lang gesigte hulle nederlaag beleef.

Aan al die ander P.U. spanne wens ons sterkte toe.

TRICHARDT MALAN
Kaptein: Gimnastiekklub

STOEIERS IN PUIK TOESTAND

Verlede jaar het ons met 9 punte teen 1 met die Kovsies afgereken en beskik vanjaar oor die potensiaal om dit weer te doen. Alhoewel ons nog nie



juis kompetisie gehad het nie, verkeer ons manne in 'n puik staat van afrigting en is selfs 'n 10 teen 0 oorwinning nie uitgesluit nie.

Ons beskik oor 'n hele paar S.A.U.-kampioene en is gereeld sterk verteenwoordig in die Suidwes-Transvaalse spanne. Pukke ons het julle ondersteuning Vrydagaand in Bloemfontein nodig en belowe volop aksie en natuurlik 'n groot oorwinning.

JOHANN PRELLER
Kaptein

Landloopspan is vol talent

Die P.U.-landloopatlete is vanjaar weer so reg op hul stukke. Daar is selfs soveel talent vanjaar dat die P.U. besluit het om twee spanne na Kovsie-land te stuur. In die twee spanne is daar agt deelnemers wat Wes-Tvl. reeds verteenwoordig het en drie wat verlede jaar S.A.U. kleure verwerf het.

Verlede jaar kon die Kovsies nie 'n span bymekaarskraap nie. Ons manne is dus lus vir die stryd.

Aan ons manne wil ek net sê: „Sterke, en hardloop hulle stof in die oë. Wys hulle hoe ons as 'n span kan hardloop.'

Die landloop vind Saterdagmiddag plaas en die atlete sal voor die hoofpawiljoen eindig net voordat die hoofrugbybotsing begin.

LOUIS VAN WIJCK
Verteenwoordiger van landloop

Judokas is reg ingestel

Daar lê weereens 'n Intervarsity voor en dit beteken vir ons Judokas 'n soveelste keer teenoor 'ou opponent op die mat.

Judo moet hier dus weer beoefen word soos 'n judoka betaam — sober, waaksaam en met die nodige selfvertroue.

BEGRIPPE

In hierdie drie bogenoemde begrippe lê die sukses van elke judoka.


Soberheid, sodat daar nie oorhaastig en onverantwoordelik opgetree moet word nie, want een beweging sonder definitiewe plan plan beteken 'n neerlaag.

Waaksaamheid, sodat jy nie onverhoeds gevang word nie en dadelik kan reageer.

Selfvertroue. Hierin lê meer opgesluit as in die vorige twee vereistes want dit omvat bogenoemde en nog meer, fiksheid, deeglikheid, snelheid en ten laaste die hele persoonlikheid.

MOEISAAM

Agter die judoka lê dus 'n



moeisame weg van oefening na liggaam swa. gees. Want wie nie geestelik ingestel is vir judo nie, kan nie 'n sukses op die mat wees nie.

B. PRETORIUS
Kaptein

Tafelteenis met vertroue na Bloemfontein

Dit is Vrydagaand 18 Augustus 1967. In die Totiussaal gaan dit dol, want Pukke en Kovsies slaan 'n wit balletjie blitsvinnig heen en weer. Dit is tafeltennisintervarsitie. Die intervarsitie is weer hier. Daardie aand was die telling 26—10 vir Pukke.



Wat gaan die telling hierdie jaar wees? Ons weet nie en gaan ook nie probeer voorspel nie, maar dit weet ons dat ons spanne baie sterk is en met volle vertroue na Bloemfontein gaan. Moenie dink ons onderskat ons opponente nie. Nee ons het net vertroue in ons spelers. Mag die ander klubs net soveel vertroue hê en mag dit met hulle goed gaan.

J. SCHOLTEMEIJER
Kaptein Tafeltennisklub.

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

ADVERTENSIEBURO
Studenteraadskantoor
P.U. vir C.H.O.

BEKENDMAKING

TIKWERK Skakel mev. Van der Walt by Tel. 3107. Alle ure.

TIKWERK: Vir hoë gehalte tikwerk, skakel mej. A. van der Walt, na-ure Von Weilligstraat 29. Tel. 7177.

TIKWERK word onderneem deur mev. Labuschagne, Militêre Kamp. Tel. 2211, Blyn 95.

TRUST APTEEK

TRUST BANK-SENTRUM,

TEL. 7116.

★ *Geskenke*
★ *Pottebakkery*
★ *Fotografiese*
★ *benodigdhede.*

Ons vriendelikheid en diens is u waarborg.

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS.

J. A. VAN DER WALT & KIE
(EDMS.) BPK.
(Direkteure: J. A. van der Walt, P. G. van der Walt).

Boekhouers, Sekretarisse, Assuransie- en Belasting-adviseurs en Algemene Agente.

Vir puik gehalte tikwerk, afrolwerk en fotostatiese afdrukke van belangrike dokumente.

TELEFOON: Kantoor 5796, Woning 7326,
Posbus 913, Stadsentrum 118.

HUIS EN TUIN

Vir:-

★ alle fietsbenodigdhede
★ skoenreparasies
★ droogskoonmaak.

Studente:

ONS VOORSIEN GRAAG IN U BEHOEFTES

Tomstraat 82,
Telefoon 4641.



Dis seker! Hierdie sokkie het alles wat 'n man begeer...

...want Wolnit Super-wolsokkies is masjienwasbaar en krimpvry gewaarborg, is viltvry en slytbestand, bly altyddeur sag en nommerpas. En die modekleure wat nooit verbleik nie, en die swierige styl van Wolnit Supers gee fleur aan *enige* drag.

Wolnit SUPER

WOL-SOKKIES

Die deftige wolsokkies wat weier om gedaan te raak.

BY ALLE VOORAANSTAANDE HANDELAARS.

WR598

Pukke klop Goldfields-Wes in saai wedstryd met 17 - 6

In 'n onaantreklike rugbywedstryd met weinig hoogtepunte, het die Puk se eerstespan daarin geslaag om Goldfields-Wes met 17—6 te wen. Dit is die derde ligawedstryd wat die Pukke vanjaar gespeel het.

Die Pukke se punte is aangeteken deur Koppies le Roux en Leon de Bruin ('n drie elk), Dries du Plooy (drie strafskoppe) en Piet Bruwer ('n vervyfskop). Daar was feitlik geen uitblinkers aan die kant van die Pukke nie en 'n mens kan net wonder wat volgende week gaan gebeur.

HOLTZHAUSEN

Die afwesigheid van Christo Holtzhausen wat vir die tweedespan gespeel het, het blykbaar 'n groot invloed op die res van die agterlyn gehad. Die senters het of die bal aangeslaan of hulle het op die onmoontlikste tye die bal onoordeelkundig weggeskop.

Die tweede span het ook gladnie hul beste gelewer nie. Hulle het darem daarin geslaag om Goldfields se tweedespan met 19—9 te klop. Hulle het baie los gespeel en hanteringfoute het hoogty gevier. Die punte vir die Geeltruie is aangeteken deur Christo Holtzhausen en Tian Coetzee ('n drie elk) en drie strafskoppe en twee vervyfskoppe deur heelagter, Schutte Venter.

WEGGEHARDLOOP

Die O/23-span het met hul teenstanders weggehardloop en met 32-12 gewen. Dit was 'n aanskoulike wedstryd met baie hoogtepunte. Soos dit nou lyk gaan hierdie span vanjaar met die Kovsies maak wat verlede jaar se O/19-span met die Kovsies se derdespan gemaak het.

TENNISKAMPIOENSKAP KRY GROOT AFTREK

Die kampioenskappe van die P.U. se tennisklub, wat hierdie jaar groot aftrek gekry het, is pas verby. Veral onder die eerstejaars, wat 'n groot aanwins vir die klub was vanjaar, is besondere talent opgemerk.

Die mansenkelspeltitel is gebuit deur Piet Mitchell, wat hierdie seisoen uitstekende tennis speel. In die eindrondte het hy Christo van der Walt oor drie stelle geklop. Hoewel die wedstryd heelwat hoogtepunte opgelewer het, kon mens duidelik sien dat die spelers mekaar slegs uitgetoets het.

DAMES

Die enkelspeltitel vir dames is verower deur Althea van Loggerenberg wat Retha Smith in die finaal geklop het, en haar weer eens as 'n waardige kampioen bewys het.

In die mans-dubbelspel het Christo van der Walt en Piet Mitchell koning gekraai terwyl Stella Venter en Althea van Loggerenberg die kampioene in die dames-dubbelspel is.

BEKERUITDELING

Die bekeruitdeling sal later gedurende die jaar tydens die klub se paarlikse braaivleis plaasvind.

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."

Turkstra

te kry by u kafeteria

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

Boeke vir Studie en vir Ontspanning

PRO REGE-PERS BPK.


„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"

Kerkstraat 91—95 Telefoon 5236/4944

H/v. Tom- en Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM

Eerste Vyftiental



So lyk die Puk se eerste rugbyspan wat Saterdag teen U.O.V.S. speel:

P. Bruwer, I. Joubert, A. du Plooy, F. Swart, G. Botha.

K. le Roux, D. Kock, J. Erasmus, F. Postma, T. van Eck.

T. G. Kruger, P. Brand, A. du Bruin, W. Scott, D. de la Porte.

Liberalia klop Dorp 6-0

In 'n aanskoulike en uiters opwindende kragmeting het die A-span van Iiberalia daarin geslaag om die span van Dorp met ses punte teenoor nul te verslaan.

Die swart truie, wat meer inisiatief aan die dag gelê het en gedurig aangeval het, se spel is dan ook met twee drieë bekroon. Die harde en vinnige spel het blykbaar so reg in hul kraam gepas.

VOORSPELERS

Wat die voorspelers betref het die stryd taamlik gelykop verloop. Die agterspelers van Liberalia, met die skakelpaar De Kock en Wienand aan die spits asook Tokkie Marais die senter, het hul teenstanders oorskadu.

Die wenspan se punte het gekom van drieë deur Tokkie Marais en flankvoorspeler Izak van Rensburg.

Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Uitgewers: Die Studenteraad P.U. vir C.H.O.

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomsstraat 92 Telefoon 5032

POTCHEFSTROOM

— Ons hou alles aan wat dames benodig —

Nuwe voorrade van rokke en nogwat word gedurig uitgestal.